

# MAAK REG VIR MYCITI

Maart 2014



## MyCiTi is hier

Die MyCiTi-busdiens tree op Saterdag 12 April 2014 in Atlantis in werking wanneer die eerste ses roetes bekend gestel word.



MyCiTi sal baie meer mense bereik nou dat dienste ook na die Atlantis-omgewing uitbrei.

Hierdie roetes sal verskillende dele van Atlantis waaronder die industriële gebied, Avondale, Proteapark, Saxonsea en Sherwood met Duynfontein, Melkbosstrand, Table View, Milnerton, Montague Gardens en Century City verbind.

Passasiers sal ook by Table View-stasie kan oorklim op roetes na die Parklands- en Blouberg-omgewing, die roete na die Burgersentrum-stasie in die middestad, sowel as MyCiTi-busse na Seepunt, Houtbaai, die Tuine-omgewing, Soutrivier en die V&A Waterfront.

Busse sal van so vroeg as 05:00 tot so laat as 23:40 loop, na gelang van die roete en dag van die week, met tussenposes van tien tot 20 minute.



Koop en laai jou **myconnect**-kaart by MyCiTi-stasies.

### Onttrekking van busse en minibustaxi's

Gereelde openbarevervoergebruikers word daarop gewys dat sekere minibustaxi's en Golden Arrow-busse wat die Atlantis-omgewing bedien, vanaf 12 April 2014 onttrek sal word. Hierdie passasiers het dus nou 'n **myconnect**-kaart nodig met genoeg reisgeld om vir hul ritte te betaal.

### Kry jou **myconnect**-kaart

Elke passasier het 'n **myconnect**-kaart nodig om MyCiTi te gebruik. Geen kontant word op die busse aanvaar nie. Koop 'n **myconnect**-kaart teen R25 by MyCiTi-stasies, en laai dit met reisgeld om vir jou ritte te betaal. Vir 'n beperkte tyd kan jy nou ook 30 Mover-punte koop en jou **myconnect**-kaart gratis ontvang: Besoek net die MyCiTi-stasie in Atlantis vanaf 5 April met R30 en 'n identiteitsbewys (ID-boekie, paspoort, rybewys of geboortesertifikaat). Met Mover-punte spaar jy minstens 20% op alle tariewe.



# ① Kry jou **myconnect**-kaart – dis die enigste manier om op MyCiTi te ry



Alle passasiers het hul eie **myconnect**-kaart nodig om MyCiTi te gebruik. Koop joune teen R25 by MyCiTi-stasies en sekere winkels.

**Kry 'n gratis myconnect-kaart**  
Koop 30 Mover-punte en kry 'n gratis kaart. Besoek die Atlantis-stasie vanaf 5 April met R30 en 'n identiteitsbewys.

**Kry 'n kaart op die bus**  
Betaal R55 en kry 'n kaart (R25) en 30 Mover-punte (R30) op die bus wanneer die nuwe roetes bekend gestel word.

**Onthou jou pin**  
Jou kaart het sy eie pin, wat jy sal nodig kry om reisgeld te laai.

# ② Laai reisgeld – kies Standaard of Mover

Jy het 'n keuse wanneer jy reisgeld op jou **myconnect**-kaart laai: Laai Standaard-geld, of koop 'n Mover-pakket en spaar.

MyCiTi Standaard	vs	MyCiTi Mover
Laai enige bedrag. Laaifooie word gehef.		Laai pakkette van R80 of meer. Geen laaifooie nie.
Standaardtariewe geld.		Mover-tariewe geld (20% laer).
Gebruik hierdie geld ook vir winkelaankope van tot R200.		Gebruik Mover slegs vir MyCiTi-ritte.
Laai Standaard-reisgeld by MyCiTi-stasiekioske, deelnemende kleinhandelaars sowel as kitsbanke wat kontantinbetalings aanvaar.		Laai Mover-pakkette slegs by MyCiTi-stasiekioske.

**Spaar 20% met Mover**



Laai jou kaart met reisgeld by enige MyCiTi-stasie.

# ③ Skandeer in en uit

Skandeer in met jou **myconnect**-kaart wanneer jou rit begin, en skandeer uit wanneer dit eindig.

## Skandeer in om jou rit te begin

Skandeer in deur jou kaart teen die kaartleser te hou wanneer jy 'n stasie binnegaan of by 'n halte opklim.

## Skandeer uit om jou rit te beëindig

Skandeer uit deur jou kaart teen die kaartleser te hou wanneer jy 'n stasie verlaat of by 'n halte afklim.

## Moenie beboet word nie

Maak seker dat jy die kaartlesers reg gebruik. Jy sal 'n boete van R24 moet betaal:

- as jou kaart nie genoeg reisgeld op het om vir jou rit te betaal nie;
- as jy vergeet om in of uit te skandeer; en
- as jy jou kaart teen die verkeerde kaartleser hou.




Skandeer teen die "IN" kaartleser wanneer jy by 'n busstop aanboord klim.



Skandeer teen die kaartleser aan jou regterkant, by busstasies.

## 4) Tariewe – hoeveel sal my rit kos?

Jy betaal vir die afstand wat jy ry, wat bereken word vandat jy inskandeer totdat jy uitskandeer.



Vir ritte wat by die lughawe aansluit, voeg R51,90 (Standaard) of R35,70 (Mover) by.

'n Paar MyCiTi-tariewe vanaf Atlantis	Afstand	Standaard	Mover (punte) 1 punt is R1
Atlantis na Sherwood of Atlantis na Saxonsea	0-5 km	R6.80 in Spits R5.70 in Spaar	R5.20 in Spits R4.20 in Spaar
Atlantis na Melkbosstrand of Atlantis na Duynefontein	20-30 km	R12.70 in Spits R10.50 in Spaar	R9.80 in Spits R8.00 in Spaar
Atlantis na Table View Atlantis na Century City Atlantis na Kaapstad	30-60 km	R14.30 in Spits R11.70 in Spaar	R10.90 in Spits R9.00 in Spaar

### Beplan jou rit en spaar

Jy betaal meer in spitsarieftyd (weksdae 06:30-08:30 en 16:00-18:00) en minder op alle ander tye, wat naweke en openbare vakansiedae insluit (spaatarieftyd). Spits- of spaartariewe word gehief na gelang van wanneer jou rit begin.


### Hoe om oor te klim

Klim oor van een roete na 'n ander en betaal slegs een tarief: Skandeer uit by 'n stasie of op 'n bus en skandeer weer binne 45 minute in om verder te ry. As jy binne 'n stasie oorklim, beweeg van die een bus na die ander *sonder* om tussen die twee uit en in te skandeer.

## Het jy hulp nodig?

### Bel 0800 65 64 63

Bel die Stad Kaapstad se vervoer-inligtingsentrum om meer oor MyCiTi en ander vervoerdienste uit te vind. Die diens is voltyd in Engels, Afrikaans en Xhosa beskikbaar, en is tolvry.




### Gaan na [www.myciti.org.za](http://www.myciti.org.za)

Raadpleeg die MyCiTi-webtuiste om jou rit te beplan, meer oor die diens uit te vind, of te kyk watter MyCiTi-uitbreidings jy nog kan verwag. Gebruik MyCiTi se ritbeplanner om jou hele rit van begin- tot eindpunt uit te werk. Soek en laai padkaarte en busroosters af, spoor jou naaste myconnect-kleinhandelaars op, bereken jou tarief, of gebruik ons interaktiewe roetekaarte om jou rit visueel te beplan.



### Gaan na [mycitibus.mobi](http://mycitibus.mobi)

MyCiTi se mobiele tuiste is uitgeknipt vir pendelaars op 'n drafstap en bied kitstoegang tot roosters, inligting oor spesiale geleenthede en dienskennisgewings. Kyk wanneer jy jou volgende bus kan verwag of soek deur roosters volgens roete of halte.




### Sonder internet? Bel \*120\*1040#

Diegene sonder internet kan ook die funksies van die mobiele MyCiTi-tuiste gebruik deur \*120\*1040# vanaf enige selfoon te bel. (Elke 20 sekondes kos 20c.)



# MyCiTi-roetes soos op 12 April 2014



- T01** Dunoon - Table View - Civic Centre - Waterfront
- T03** Atlantis - Table View - Omuramba
- 213** West Beach - Table View - Sunningdale
- 214** Big Bay - Table View - Parklands
- 215** Sunningdale - Gie Road - Wood
- 216** Sunningdale - Wood Drive - Wood
- 217** Parklands - Table View - Big Bay - Melkbosstrand

- 230** Duynfontein - Melkbosstrand
- 231** Atlantis - Atlantis Industria East
- 232** Atlantis - Avondale - Protea Park - Atlantis Industria West
- 233** Atlantis - Saxonsea
- 236** Atlantis - Sherwood
- 239** Atlantis - Duynfontein - Melkbosstrand

